# Onrus en geweld: 2011

## 1 Algemeen

Die SAPD se 2010/2011 Misdaadsverslag van 8 September 2011 stel dat 2 071 487 ernstige misdade in 2010/11 geregistreer is. Die getal weerspieël 'n afname in die regering se teiken (daar was 'n 2.4% afname in vergelyking met die 2 121 887 ernstige misdade wat in die vorige finansiële jaar geregistreer was). Die verhouding ernstige misdade per 100 000 mense het met 3.7% afgeneem (van 4 302.1 tot 4 143.6). Meeste misdaadsyfers van die 2010/11 finansiële jaar het, in vergelyking met die 2009/10 finansiële jaar, gedaal (die volgende ratio statistieke dien as voorbeelde: moord met 6.5%, poging tot moord met 12.2%, roof met verswarende omstandighede met 12%, diefstal van 'n motor of motorfiets met 11.3% en winkeldiefstal met 12.7%). Daar was egter ook 'n aantal misdade wat toegeneem het in hierdie tydperk (bv diefstal uit of van 'n motor met 0.4%, dwelmverwante misdade met 10.2% en bestuur onder die invloed van drank of dwelms met 4.5%). Motorkapings het met 23.6% afgeneem, besigheidsroof het met 0.9% toegeneem terwyl huisroof 'n afname van 10.1% getoon het. Vir die eerste keer sedert SAPD in 1995 tot stand gekom het, het die moordsyfer gedaal tot onder die 16 000 merk. In die 1995/6 finansiële jaar was 26 887 moorde gerapporteer, en in 2010/11 15 940 ('n 40.7% afname, oftewel 'n ratio afname van 53.2%). Dit beteken dat moord afgeneem het met 50% nieteenstaande populasiegroei en verstedeliking, en kan toegeskryf word aan hoë vlakke van sigbare polisiëring, die afname in roof, asook die inhegtenisneming van rowers. Die hoogste ratio gerapporteerde moorde tydens 2010/11 was aangeteken in die Oos Kaap, gevolg deur die Wes Kaap, KwaZulu-Natal en die Vrystaat. Ten opsigte van seksuele misdrywe, was die meeste sake gerapporteer in die Wes-Kaap, gevolg deur die Vrystaat en Noord-Kaap.

In hierdie aantekening word maatreëls en hofsake ten aansien waarheid en versoening, veiligheidsdienste, wapens en terrorisme bespreek.[1]

## 2 Waarheid en versoening

Konsepregulasies (uitgereik kragtens art 27(2) van die Wet op Nasionale Eenheid

---

[1] In hierdie joernaal word die belangrikste literatuur, wetgewing, verslae en hofbeslissings vir die periode 2010-11-15 tot 2011-11-30 bespreek.

en Versoening 34 van 1995, wat handel oor die bystand vir slagoffers en kinders van slagoffers van skendings van menseregte, is in Mei 2011 vir kommentaar gepubliseer (AK 282 in *SK* 34279 van 2011-05-11). Kinders sluit slegs die kinders in wat van die slagoffer afhanklik is vir onderhoud. 'n Slagoffer is iemand wat kragtens artikel 1(1)(a) of (b) van die Wet op Nasionale Eenheid en Versoening 34 van 1995 as 'n slagoffer verklaar is. Die regulasies handel oor bystand vir basiese onderrig, onderrig aan tersiêre instellings, asook die verleen van mediese bystand aan slagoffers. Die bystand vir basiese onderrig kan onder meer die betaal van skoolfooie, huisvesting, skoolklere en vervoer insluit (reg 6 Aanhangsel A). Daar mag slegs aansoek gedoen word vir dié fondse indien die slagoffer se huishoudelike netto inkomste minder as R8 000 per maand is (reg 9 Aanhangsel A). Soortgelyke bepalings bestaan ten aansien van tersiêre onderrig (Aanhangsel B). Daar word addisioneel voorsiening gemaak vir 'n boeketoelaag, maar indien die slagoffer in die omgewing van die tersiêre instelling woon, mag daar geen losiesgelde betaal word nie (reg 7 Aanhangsel B). Die regulasies sal net vir 5 jaar geld (reg 20 Aanhangsel B). Aanhangsel C bepaal dat 'n gelyste slagoffer of 'n familielid van 'n slagoffer om mediese hulp aansoek kan doen. 'n Familielid sluit 'n ouer of iemand wat ouerlike gesag uitoefen, 'n persoon wat getroud is met die slagoffer, 'n kind van die slagoffer of enige ander persoon wat die slagoffer moet onderhou in. 'n Familielid kan slegs aansoek doen vir mediese hulp as hy of sy nog vir onderhoud van die slagoffer afhanklik is. Indien die slagoffer oorlede is, kan sodanige persoon aansoek doen as daardie persoon van iemand anders vir onderhoud afhanklik is (reg 3 Aanhangsel C).

# 3 Veiligheidsdienste

## *3.1 Polisiediens*

Die SAPD het op 30 Augustus 2011 'n voorlegging aan die Portefeuljekomitee vir Polisie gedoen oor gereedheid wat betref skarebeheer, asook die uitdagings met die toepassing van die Wet op Reëling van Byeenkomste, 205 van 1993 (http://www.pmg.org.za/files/docs/110830saps-edit.pdf). Die Nasionale Polisiekommissaris moet, onderhewig aan artikel 218(1)(k) van die 1993 Grondwet (item 1(d) van Aanhangsel D tot Bylae 6, saamgelees met item 24 van Bylae 6 van die 1996 Grondwet), 'n nasionale polisie-eenheid vir openbare orde daarstel en onderhou.

In 1995 was daar 42 eenhede (11 000 lede) met skarebeheer as hul hooffunksie en misdaadvoorkoming as sekondêre funksie. Spesialiseenhede is in 2006 opgehef (www.iol.co.za/news/south-africa/uproar-as-police-disband-special-units-1.294921). Tans is daar sowat 31 eenhede (4 343 lede) met misdaadvoorkoming as hul hooffunksie en skarebeheer as hul sekondêre funksie. In die 2010/2011 finansiële jaar was daar 11 681 vreedsame byeenkomste, en 972 wat met onrus gepaard gegaan het. Sowat 3 266 arrestasies is deur skarebeheer-polisielede

gemaak. Die SAPD het tans 546 gepantserde voertuie (Njalas), 299 personeelvervoerders en 10 waterkanonne. Op hoofkantoorvlak is daar slegs 100 skuthelms, maskers, liggaambeskermers, oorpakke, wapenskilde en 100 paar handskoene beskikbaar en geen videokameras nie. Polisielede wat in skarebeheer gebruik word, ontvang tans basiese polisieopleiding en het ten minste twee jaar funksionele polisie-ervaring. Hul word gewerf van polisiestasies en eenhede. Sowat 8 500 lede het voor die Sokkerwêreldbeker in 2010 opleiding ontvang.

Huidige uitdagings sluit in: vervolging in terme van die Wet op Reëling van Byeenkomste 205 van 1993; die onbereidwilligheid van gemeenskapslede om oor gewelddadige optrede van betogers te getuig; voortdurende gewelddadige en diensleweringsbetogings; die rol van plaaslike owerhede in die beplanning en goedkeuring van byeenkomste; die gebrek aan openbare kennis oor grondwetlike regte en beperkings; aanhitsing tot geweld; die onwilligheid van sekere instellings en owerhede om memoranda/petisies te ontvang; asook die afwesigheid van terugvoer van sekere instellings en owerhede oor memoranda/petisies wat hul wel ontvang het. 'n Skarebeheerbeleid is aan die SAPD se regsafdeling voorgelê en hoofbestuur en die skarebeheerkurrikulum word tans herevalueer. Daar word ook beoog om gereeld met georganiseerde arbeid, vakbonde en ander belanghebbendes te raadpleeg. Die uitbreiding van die openbare ordepolisiëringsdiens sou op die Eenheid- en Operasionele Bevelvoerderskonferensie gedurende September 2011 bespreek word.

Die afname in misdaadsyfers in die 2010-2011 finansiële jaar soos hierbo uiteengesit, kan onder andere toegeskryf word aan die suksesse behaal deur die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoeke in die opsporing van die mees gesoekte misdadigers, maar ook suksesvolle inhegtenisnemings en skuldigbevindings (ten opsigte van georganiseerde en kommersiële misdade), die suksesvolle implementering van die 'When Duty Calls' program in die feesseisoen; en die verbetering in die funksionering van die forensiese laboratoria en die vermindering van agterstande in hierdie verband. 971 onrus-verwante insidente is gepolisieer. Die aantal ontsnappings uit polisie-aanhouding het afgeneem met 20.6%. Altesaam 93 lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens is landwyd vermoor (36 hiervan terwyl hulle aan diens was). (Vgl die SAPD Jaarverslag 2010/2011 (http://www.saps.gov.za/.../annual_report/index.htm in die verband.)

Die Instituut vir Sekerheidstudies se verslag oor polisiekorrupsie (Newman en Faul *Protector or predator? Tackling police corruption in South Africa* www.iss.co.za/uploads/Mono182Web.pdf) is in September 2011 bekendgestel. Die verslag maak dit duidelik dat korrupsie steeds 'n wydverspreide en sistemiese probleem is en dat 'n holistiese benadering gevolg moet word om organisatoriese swakhede aan te spreek en die integriteit van die organisasie en sy werknemers te versterk. Die verslag stel sekere strategieë voor wat onder meer insluit dat die SAPD hulle eie stelsel van interne toerekenbaarheid moet versterk deur byvoorbeeld 'n behoorlike stelsel daar te stel om klagtes van die publiek te ontvang en te

ondersoek. Die organisasie se eie integriteit moet bevorder word deurdat lede aan die SAPD se gedrag en etiese kodes moet voldoen en diens moet lewer. Die gemeenskappe moet gemobiliseer word om professionele, eerlike, korrupsievrye polisiëring te bevorder.

Die Onafhanklike Klagtedirektoraat (OKD) het 5 869 klagtes teen lede van die Polisiediens in die 2010/2011 finansiële jaar ontvang, met die hoogste voorkoms in Gauteng (1 169) en die Wes Kaap (1 006). Hiervan was 797 sterftes, 102 sake met betrekking tot nie voldoening aan die Wet op Huishoudelike Geweld 116 van 1998, 2 493 bewerings van kriminele oortredings en 2 477 sake rakende wangedrag deur polisielede. Daar is 1 052 Klas 1 misdaadondersoeke (sterftes in polisieaanhouding, sterftes as gevolg van polisieoptrede en beweerde verkragting deur polisiebeamptes) in 2010/11 afgehandel. Dit is sowat 82% van alle Klas 1 ondersoeke, meer as die Direktoraat se doelwit van 65% vir die finansiële jaar. Sowat 83% van ondersoeke (2 811 ondersoeke) na beweerde polisiebetrokkenheid in misdaad is afgehandel, wat die doelwit van 55% oorskry. Provinsiale ondersoekers het die finansiële jaar met 'n agterstand van 479 Klas 1 misdaadondersoeke begin, waarvan 224 oorgedra is na die 2011/21012 finansiële jaar. Wat bewerings van wangedrag aanbetref, is 92% van ondersoeke gefinaliseer. 96% van die 5 869 klagtes wat deur die OKD ontvang is, is binne 48 uur geregistreer en geallokeer. (Vgl OKD 2010/2011 Jaarverslag http://www.icd.gov.za/.../2010-2011/ICD%20 Annual%20Report%202010-11.pdf.)

Volgens die OKD se 2009/10 Jaarverslag (http://www.info.gov.za/view /DownloadFileAction?id=132678) is institusionele en organisatoriese hervorming van die OKD nodig. In die verband is nuwe wetgewing in 2011 opgestel. In Maart 2011 is konsepregulasies vir kommentaar gepubliseer wat handel oor die hantering van die Onafhanklike Polisie Ondersoekdirektoraat (AK 159 in *SK* 34139 van 2011-03-23).

Die *Independent Police Investigative Directorate Act* 1 van 2011 is op 16 Mei 2011 gepubliseer (*SK* 34298 van 2011-05-16). Die doel van die wet is om voorsiening te maak vir onafhanklike toesig oor die Suid-Afrikaanse Polisiediens soos vereis deur artikel 206(6) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (a 2). Die Direktoraat funksioneer onafhanklik van die Polisiediens (a 4). 'n Nasionale kantoor (a 5); 'n beraadslagende forum (a 15) en provinsiale kantore (a 19) word opgerig. Die Direktoraat moet enige sterftes in polisieaanhouding ondersoek, asook sterftes as gevolg van polisie-optrede. Hulle moet ook enige klagtes oor die afvuur van vuurwapens deur lede van die Polisiediens ondersoek; beweerde verkragtings deur polisielede (ongeag of daardie lede aan diens was of nie en of die persoon wat die bewering maak in aanhouding was of nie); enige klagtes van mishandeling, marteling of aanranding of enige ander aangeleenthede wat na die Direktoraat verwys word deur die uitvoerende direkteur, Minister, 'n lid van die Uitvoerende Komitee van 'n provinsie of die sekretaris (a 28(1)). Die Direktoraat mag ook enige bewerings van korrupsie deur

polisielede ondersoek (a 28(2)). Daar word 'n plig geplaas op lede van die Suid-Afrikaanse polisiediens, sowel as die munisipale polisiedienste, om enige voorvalle soos in artikel 28 uiteengesit by die Direktoraat aan te meld (a 29). Enige polisielid wat nie sy plig in terme van artikel 29 nakom nie, is skuldig aan 'n oortreding (a 33(3)). Die Wet sal in werking tree op 'n datum soos in die *Staatskoerant* bepaal (a 37).

Die Wet op die Burgerlike Sekretariaat vir die Polisiediens 2 van 2011 (*Civilian Secretariat for Police Service Act*) het op 1 Desember 2011 in werking getree (buiten artikels 4(2), 4(3) en (14) – Prokl 67 in *SK* 34799 van 2011-11-29). Hierdie Wet maak ondermeer voorsiening vir die stigting van die Burgerlike Sekretariaat vir die Polisiediens (a 4) wat *inter alia* burgerlike oorsig moet uitoefen oor die Polisiediens; strategiese advies aan die Minister moet gee aangaande die ontwikkeling en implementering van beleid; administratiewe ondersteuningsdienste aan die Minister moet verskaf om Suid-Afrika se betrokkenheid ten opsigte van relevante internasionale verpligtinge te verseker; met insethouers moet skakel en kommunikeer; 'n vennootskapstrategie moet implementeer om rolspelers en insethouers te mobiliseer om dienslewering deur die Polisiediens te versterk; samewerking tussen die Burgerlike Sekretariaat, Polisiediens en Onafhanklike Polisie Ondersoek Direktoraat (OPOD) moet bevorder; en leiding aan gemeenskapspolisiefora en geassosieerde strukture moet koördineer en hul behoorlike funksionering moet fasiliteer (a 5). Artikel 31 handel oor die samewerking tussen die Burgerlike Sekretariaat en OPOD. In terme hiervan moet die Burgerlike Sekretariaat onder andere verslae oorweeg wat in terme van artikel 9 van die Wet op die Onafhanklike Polisie-Ondersoekdirektoraat ontvang is, die implementering deur die Polisiediens van aanbevelings deur die Direktoraat monitor, en gereelde verslae aan die Minister stuur oor die stappe wat geneem is om voldoening hieraan te verseker.

'n Paar hofsake is afgehandel wat van belang is vir die funksionering van die SAPD. *Minister of Safety and Security v F* (2011 3 SA 487 (SCA)) het gehandel oor middellike aanspreeklikheid van die staat indien 'n polisiebeampte nie op diens was nie, maar wel op roep, ten tye van die pleeg van 'n misdryf. Die hof het bevind dat indien 'n polisiebeampte op roep is, hy/sy nie op diens is totdat hy/sy opgeroep word vir diens nie (par 43). Die polisiebeampte was nie besig met polisiewerk ten tye van die pleeg van die misdryf nie en die hof het bevind dat die Minister nie middellik aanspreeklik gehou kan word nie (par 45). 'n Minderheidsuitspraak het egter nie die meerderheidsuitspraak ondersteun nie.

In *South African Police Service v Police and Prisons Civil Rights Union* (2011 9 BCLR 992 (CC); 2011 6 SA 1 (CC)) het die Grondwetlike Hof beslis dat SAPD-beamptes wat aangestel is kragtens die Staatsdienswet 103 van 1994 (PSA) – en nie ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse Polisiewet 68 van 1995 nie – nie betrokke is in noodsaaklike dienste soos omskryf in die Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995 nie. Die hof bevestig die uitspraak van die Arbeidsappèlhof *South African*

*Police Service v Police and Prisons Civil Rights Union* ([2010] 12 BLLR 1263 (LAC) para 16) dat:

> Those employed by the SAPS either under the SAPS Act or the PSA are so employed by design and not by any accidental process. That there is a deliberate and calculated intention to differentiate between the two categories of employees is fortified by the fact that ... the Minister of Safety and Security is empowered in terms of section 29(1) and (2) of the SAPS Act to designate personnel employed under the PSA deeming them to be members for the purposes of the SAPS Act (para 37).

## *3.2 Korrektiewe dienste*

Die Wysigingswet op Korrektiewe Aangeleenthede 5 van 2011 is op 25 Mei 2011 in die *Staatskoerant* gepubliseer (*SK* 34315 van 2011-05-25). Die wet wysig die definisie van 'ingehoudene' deur persone in te sluit wat aangehou word in uitstel-aanhoudingsfasiliteite (a 1). Nuwe definisies naamlik die van 'n 'uitstel-aangehoudene', 'uitstel-aanhoudingsbeampte', 'uitstel-aanhoudingsfasiliteit' en 'spesialis-praktisyn' is ingevoeg (a 1). Hoofstuk V word in die wet ingevoeg om vir die bestuur, veilige bewaking en welstand van uitstel-aangehoudenes voorsiening te maak en die ander artikels van die Wet op Korrektiewe Aangeleenthede 111 van 1998 word dienooreenkomstig gewysig. Artikel 46 bepaal dat 'n uitstel-aangehoudene slegs aan beperkings blootgestel kan word 'wat nodig is vir die handhawing van sekuriteit en goeie orde ... en moet, waar doenlik, toegelaat word om al die geriewe te hê waartoe hulle buite die uitstel-aanhoudingsfasiliteit toegang sou hê'. Dié aangehoudenes mag ook voedsel en drank van buite ontvang (a 57). Hulle moet 'n voorgeskrewe uniform in die aanhoudingsfasiliteit dra maar mag nie met die uniform in die hof verskyn nie – indien hy of sy nie geskikte klere het nie, moet hy of sy op staatsonkoste van gepaste klere voorsien word (a 48). Swanger vrouens moet dadelik deur 'n mediese beampte ondersoek word en moet verkieslik in 'n ander eenheid gehuisves word en van behoorlike kos voorsien word (a 49A). Gestremde persone kan apart of in akkommodasie wat vir gestremde persone ontwerp is aangehou word (a 49B). Soortgelyke bepalings word getref vir bejaarde en geestesongestelde aangehoudenes (aa 49C-D). Artikel 49E maak voorsiening vir verwysing na die hof van uitstel-aangehoudenes wat ongeneeslik siek is. Uitstel-aangehoudenes mag slegs onder toesig van die SAPD vrygelaat word indien die Nasionale Kommissaris toestemming daarvoor gegee het. Geen aangehoudene mag vir langer as twee jaar in sodanige fasiliteite aangehou word nie (a 49G).

Artikel 73 wat die lengte en formaat van vonnisse bepaal is gewysig. Dit bepaal onder meer dat 'n gevonniste oortreder onder mediese parool geplaas kan word (a 73(4)). Artikel 79 van die wet bepaal dat die Nasionale Kommissaris, Korrektiewe Toesig- en Paroolraad of die Minister 'n gevonniste gevangene kan oorweeg vir mediese parool indien die oortreder aan 'n ongeneeslike siekte of toestand ly of 'indien sodanige oortreder fisiek ongeskik gelaat word as gevolg

van 'n besering, siekte of ongesteldheid sodat daaglikse aktiwiteite of selfversorging deur die ingehoudene ernstig beperk word; die risiko van heroortreding laag is en daar toepaslike reëlings vir toesig is' (a 79(1)). Die aansoek moet deur 'n mediese praktisyn of die oortreder gerig word. Die versoek moet deur 'n mediese verslag ondersteun word. Die Minister moet ook 'n onafhanklike mediese verslag van die mediese adviesraad aanvra (a 79(3)). 'n Persoon wat op mediese parool vrygelaat is, kan gevra word om periodiek mediese toetse te ondergaan (a 79(4)(b)). Die Minister moet binne ses maande na inwerkingstelling van die wet regulasies oor mediese parool voor die parlement vir goedkeuring lê (a 79(8)).

Die Departement Korrektiewe Dienste (DKD) se fasiliteite was ontwerp om 114 000 gevangenes te huisves, maar ten tye van die publikasie van die Departement se Strategiese Plan 2011/12 was daar 160 280 gevangenes in gevangenisse in Suid-Afrika gehuisves (2011/12–2015/16 Strategiese Plan van die DKD). Alhoewel oorbevolking is dus steeds 'n geweldige probleem is, het dit in die vorige finansiële jaar van 40.62% tot 34.87% afgeneem (www.pmg.org.za /report/20111011-department-correctional-services-2011-budgetary-review-committees-res).

Oorbevolking het volgens die Strategiese Plan het die volgende uitdagings en risiko's tot gevolg: die handhawing van veilige, afgeslote en menslike omstandighede vir gevangenes; die implementering van programme wat ten doel het om misdaadsgedrag te korrigeer en oortreders te ontwikkel; asook die optimale aanwending van personeel. In hierdie verband het die DKD die volgende doelstellings geïdentifiseer: die bestuur van oorbevolking, die werwing en opleiding van personeel en die behoud van professionele persone as werknemers.

Drie van die uitkomste wat deur die Presidensie geïdentifiseer is, is van toepassing op die DKD, naamlik dat alle mense in Suid-Afrika veilig moet wees en moet voel, dat die kwaliteit van basiese onderwys moet verbeter, en dat alle Suid-Afrikaners 'n lang en gesonde lewe moet geniet. Die Strategiese Plan identifiseer elf prioriteitsareas: die invoering van die 12 aaneenlopende ure skofstelsel ter implementering van die 7-dag stelsel; die aanhoudingbestuurstelsel vir uitgestelde sake; oortrederbevolkingsbestuur; die aanwending van oortrederarbeid; die paroolsisteem; dienslewering vir die jeug en kinderoortreders; bestuursverbetering; insethouerverhoudingsbestuur; die voldoening aan prestasieteikens; die wetgewende raamwerk; en die misdadiger rehabilitasieprogram.

Die DKD se administratiewe en finansiële prestasieverslag vir die eerste kwartaal 2011/12 (http://www.pmg.org.za/report/20111013-department-correctional-services-budgetary-reviewdepartment-correctio) dui aan dat paroolrade nie na wense funksioneer nie. Daar is 'n teiken gestel vir 41% gevangenes om werk te verrig wat hulle na vrylating in die buitewêreld sou kon doen. Lede van die Portefeuljekomitee het die vordering en afhandeling van vennootskappe met die privaatsektor (*public-private partnerships*) met betrekking tot die bou van korrektiewe instellings bevraagteken.

Die uitspraak in die *Van Vuren*-saak (*Van Vuren v The Minister of Correctional Services* (2010 12 BCLR 1233 (CC)) het tot gevolg dat die DKD genoodsaak was om veranderinge aan die oorweging vir parool van gevangenes wat voor 1 Oktober 2004 tot lewenslange tronkstraf gevonnis was, aan te bring. Daar was drie kategorieë oortreders wat hierdeur geraak was, naamlik gevangenes gevonnis tot lewenslange gevangenisstraf tussen (a) 1 Augustus 1987 en 1 Maart 1994 (hierdie gevangenes kwalifiseer vir oorweging vir parool na 10 jaar (maar wat slegs in uitsonderlike gevalle plaasvind voor 15 jaar van die vonnis uitgedien is); (b) 1 Maart 1994 en 3 April 1995 (hierdie gevangenes kwalifiseer nadat ten minste 20 jaar van hul vonnisse uitgedien is) en (c) 3 April 1995 en 1 Oktober 2004 (hierdie gevangenes kwalifiseer nadat ten minste 20 jaar van hul vonnisse uitgedien is (alhoewel gevangenes in uitsonderlike gevalle vroeër kan kwalifiseer)). Daar het verder onsekerheid bestaan wie die besluit moes neem. Die Grondwetlike Hof beslis in *Minister for Correctional v Van Vuren, In re Van Vuuren v Minister for Correctional Services* (2011 10 BCLR 1051 (CC)) dat die paroolbevoegdhede aan die Minister verleen ooreenkomstig artikel 78(1) van die Wet op Korrektiewe Dienste 111 van 1998, nie vereis dat die Nasionale Raad vir Korrektiewe Dienste (NCCS) ook 'n aanbeveling moet maak nie (par 9).

## *3.3 Verdediging*

Die 2010/2011 finansiële jaar is gekenmerk deur die uitbreiding van die binnelandse ontplooiing van Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) lede ter ondersteuning van die SAPD (Department van Verdediging 2010/11 Jaarverslag http://www.pmg.org.za/.../111018dodrep.pdf). Tydens die 2010 FIFA Sokkerwêreldbeker is gemiddeld 4 573 lede per dag ontplooi. SANW lede het ook tydens die afgelope jaar weer begin om landsgrense te beskerm. Fase 1 van die ontplooiing is afgehandel op 1 April 2011. Daar word tans ongeveer 1 500 km se grense gepatrolleer, wat na beraming sal uitbrei na 4 471 km se landsgrense, 2 700 km se maritieme grense en 76 600 se lugruimgrense.

Gemiddeld 2 238 SANW lede is in onder andere twee vredesondersteuningsoperasies in die Demokratiese Republiek van die Kongo en Soedan ontplooi. Ondersteuning is ook gebied aan die Mosambiekse regering om seerowery in die Mosambiekse kanaal onder bedwang te bring. 'n Totaal van 556 099 mandae is gebruik tydens interne operasies. Die ontplooiing van die SANW vir grensbeveiling het daartoe gelei dat 20 613 onwettige immigrante gevang en 263 kriminele gearresteer is. 21 gesteelde voertuie is tydens hierdie operasie teruggevind, asook 14 wapens en verskeie dwelms. Die Militêre Vaardigheidsontwikkelingsisteem is in Januarie 2003 geïmplementeer, en teen 2010 het 33 536 jong mense deelgeneem. Reserwemagte het toegeneem tot 26 147, waarvan ongeveer 84% uit voorheen benadeelde groepe is. Ongeveer 18 000 oproepings is uitgereik, maar as gevolg van onder andere 'n gebrek aan fondse, is nie alle doelstellings in hierdie verband bereik nie.

Die SA Lugmag het daarin geslaag om gevegsgereedheid op die verlangde vlak te hou. 98.6% van die beplande vlieg-ure is behaal. Lugmagreserwes het bygedra tot 8.4% van die lugmag se totale vlieg-ure. Die SA Vloot het suksesvol deelgeneem aan 'n gesamentlike oefening tussen die vlote van Argentinië, Brasilië, Suid-Afrika en Uruguay. 'n Totaal van 16 897 see-ure is tydens magvoorbereiding en ontplooiing behaal. Daar was kritiese tekorte aan personeel met tegniese, geveg, duik, duikbootvaarder en logistieke vaardighede.

Die *Military Veterans Act* 18 van 2011 is op 5 Desember 2011 in die *Staatskoerant* gepubliseer (*SK* 34819). 'n Militêre veteraan is enige persoon wat statutêre of nie-statutêre militêre diens verrig het gedurende Suid-Afrika se bevrydingsoorlog vanaf 1960 tot 1994 of wat 'n lid geword het van die Suid-Afrikaanse Nasionale Verdedigingsmag na 1994 (a 1). Die doel van die wet is onder meer om alle aangeleenthede rakende hierdie veterane te reël, die president aan te wys as die hoofgesagsvoerder/beskermheer (*patron-in-chief*) van alle militêre veterane (a 4) en om te verseker dat die veterane sekere voordele ontvang (a 5). Die wet stel ook 'n adviesraad op militêre veterane (a 9) en 'n appèlraad op militêre veterane in (a 20).

'n Verdedigingswysigingswet 22 van 2010 is op 7 Desember 2010 deur die Parlement goedgekeur (*SK* 33866 van 2010-12-09). Die doel van die wysigingswet is om te bepaal wie die militêre gesagstruktuur van die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag uitmaak en om die aanwysing van die lede van die struktuur te bepaal. Lede van die reserwemag word verplig om voortaan kontrakte met die Verdedigingsmag te sluit (a 53(1)(b)(i)) en om aan te meld vir diens wanneer hulle opgeroep word (a 53(1A)). 'n Verdedigingsmag Dienskommissie word ingestel (a 62A) wat onder meer aanbevelings aan die Minister moet maak oor die diensvoorwaardes van lede van die mag (a 62B). Diensvoorwaardes word dan ook in artikel 1 van die wet omskryf. Die Militêre Gesagstruktuur bestaan uit die Hoof van die Verdedigingsmag, die Hoof van die Suid-Afrikaanse Leër; die Hoof van die Suid-Afrikaanse Lugmag; Hoof van die Suid-Afrikaanse Vloot; die Hoof van Gesamentlike Operasies van die Verdedigingsmag; die Hoof van Intelligensiediens; die Hoof van Menslike Hulpbronne; die Hoof van Logistieke Dienste; en die Geneesheer-Generaal van die Suid-Afrikaanse Militêre Gesondheidsdiens (a 4A). ('n Verdere Verdedigingswysigingswetsontwerp [W26-2011] is by die parlement ingedien ten einde voorsiening te maak dat die Hoof Stafbevelvoerder (*Chief Corporate of Staff*) ook deel uitmaak van die militêre gesagstruktuur (memorandum).) Die President stel die lede van die Militêre gesagstruktuur aan (a 13(1A)).

'n Wetsontwerp op 'n Miltêre Ombudsman [W9-2011] maak voorsiening vir die oprigting van 'n kantoor van 'n Militêre Ombudsman. Die Ombudsman kan ondersoek instel na skriftelike klagtes van enige militêre personeellid oor sy of haar diensvoordele of na klagtes van die publiek oor enige optrede van 'n lid van die verdedigingsmag (kl 1 en 3). Die Ombudsman mag nie enige sake aanhoor

wat voor militêre howe dien, oor die optrede van militêre voorsittende beamptes of wat die ondersoek van 'n moontlike militêre verhoor is nie (kl 7(1)).

Nominasies is vir die dien op 'n Verdegigingsdienskommissie aangevra (GK 83 in *SK* 33994 van 2011-02-04). Die president het verder op 4 November 2011 'n kommissie van ondersoek ingestel na moontlike onreëlmatighede in wapen-aankope in terme van die 'Strategic Defence Procurement Package' (GK R926 in *SK* 34731 van 2011-11-04).

### *3.4 Intelligensiedienste*

'n Algemene Intelligensie Wysigingswetsontwerp, 2011 is by die parlement ingedien gedurende November 2011. Die doel van die Wetsontwerp is om 'n *State Security Agency* daar te stel (AK 803 in *SK* 34747 van 2011-11-11). Die Wetsontwerp was nog nie beskikbaar ten tye van skryf van die aantekening nie.

## 4 Wapens

Die Minister van Verdediging en Militêre Veterane het op 28 Januarie 2011 die *United Nations' Convention on Prohibitions or Restrictions on the Use of Certain Conventional Weapons which may be Deemed to be Excessively Injurious or to have Indiscriminate Effect of 10 October 1980 and its Original Three Protocols* in die *Staatskoerant* gepubliseer ooreenkomstig artikel 17(1) van die Wet op die Verbod en Beperking van Sekere Konvensiële Wapens 18 van 2008 (GK 46 in *SK* 33970 van 2011-01-28). Protokol 1 verbied die gebruik van enige wapen wat mense deur middel van fragmente kan beseer wat nie deur middel van X-strale sigbaar sal wees nie. Protokol II hou verband met die gebruik van myne, fopmyne of toestelle wat outomaties of deur middel van afstandbeheer ontplof. Die derde protokol handel oor vlambare wapens wat teen burgerlikes of burgerlike instellings gebruik kan word.

Daar is ook kennis gegee van die voorneme om 'n *Implementation of Geneva Convention Bill* by die parlement in te dien (AK in *SK* 33734 van 2010-11-12).

In Julie 2011 is konsepregulasies in terme van artikel 27(1) van die Nasionale Konvensionele Wapenbeheerwet 41 van 2002 gepubliseer (AK 485 in *SK* 34457 van 2011-07-15). Die regulasies handel oor die registrasie van persone of instansies wat kragtens artikel 13 van die wet sekere beheerde items wil ontwikkel, vervaardig, bemark, besit of daarmee wil handeldryf (reg 4). Regulasie 5 beskryf waarvoor permitte uitgevaardig mag word en regulasie 7 die voorwaardes waaraan die permitte onderhewig gestel kan word. Geen beheerde item mag sonder toestemming vernietig word nie (reg 6). Daar mag nie wysigings aan die permitte aangebring word nie tensy dit deur die sekretariaat goedgekeur is nie (reg 8). Indien 'n beheerde produk uitgevoer word moet 'n eindgebruikersertifikaat uitgereik word (reg 9). Daar moet behoorlik rekord van alle transaksies gehou word (reg 11).

’n Konsepwet op Gevaarlike Wapens, 2011 is gepubliseer (AK 606 in *SK* 34579 van 2011-09-02). Die doel van die wetsontwerp is om die wette van die voormalige ou Suid-Afrika, Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei te herroep en met ’n eenvormige wet te vervang. Die Wetsontwerp volg op die Konstitusionele Hofuitspraak van *S v Thunzi* 2010 JDR 0901 (CC); 2010 JDR 1472 (CC)) wat die Transkei se Wet op Gevaarlike Wapens 71 van 1968 ongrondwetlik verklaar het omdat dit slegs in die voormalige Transkei van toepassing was. Die parlement was gelas om voor 8 November 2011 wetgewing te aanvaar om die wapenwetgewing van die voormalige sogenaamde onafhanklike gebiede te rasionaliseer (memorandum).

Die wetsontwerp omskryf ’n gevaarlike wapen as ‘(a) any object, other than a firearm made or modified to be used – (i) to injure or disable a person; or (ii) to cause a person to fear that someone will be injured or disable by that use or (b) any other object possessed or carried, which is likely to cause serious bodily injury if it was used to commit an assault’. Vuurwapens word gedefinieer soos in die Wet op die Beheer van Vuurwapens 60 van 2000 (kl 1). Die wetsontwerp verwys ook na nagemaakte vuurwapens (kl 1). Daar word ’n verbod geplaas op die besit van gevaarlike wapens of nagemaakte vuurwapens onder omstandighede wat ’n redelike vermoede kan skep dat die persoon die wapen vir ’n onwettige doel gaan aanwend (kl 2(1)), tensy daardie persoon ’n redelike rede kan aanvoer hoekom hy of sy die wapen in sy of haar besit het (kl 2(2)). Indien die wapen in die openbaar gedra word en ander mense in gevaar kan stel, word selfverdediging nie as ’n redelike verskoning aanvaar nie (kl 2(3)). Die Minister mag by wyse van kennisgewing in die *Staatskoerant* ’n verbod plaas op die invoer, vervaardiging, verkoop of verskaf van bepaalde gevaarlike wapens (kl 3). Kennisgewings wat kragtens die herroepte wette uitgevaardig was, sal van krag bly totdat dit herroep word (kl 4).

Intussen het die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling twee regulasies wat kragtens die Wet op Gevaarlike Wapens 71 van 1968 en die Wet op Gevaarlike Wapens 71 van 1968 (Transkei) uitgevaardig is, teruggetrek (GK R2095 van 1985-09-13 en GK R409 van 1075-03-07 (Transkei)).

Kennis is gegee van die vernietiging van vuurwapens wat vrywillig ingegee is in terme van 136(1) van die Wet op Vuurwapenbeheer 60 van 2000 (GN 5 in *SK* 33919 van 2011-01-07).

## 5 Gesinsgeweld

Op 23 Augustus 2011 het die Suid-Afrikaanse Polisiediens ’n voorlegging gemaak aan die Portefeuljekomitee van Polisie oor die Wet op Gesinsgeweld (http://www.pmg.org.za/report/20110823-independent-police-investigative-directorate-ipid-six-monthly-domesti). ’n Totaal van 100 877 gesinsgeweldsake is tydens 2010 gerapporteer (waarvan die meeste in Gauteng aanhangig gemaak is). Volgens die voorlegging het die aantal klagtes teen polisiedienslede

afgeneem met 36% in vergelyking met die 2009 verslagperiode. Die SAPD skryf hierdie afname toe aan opleidingsintervensies wat daarop gemik is om te verseker dat lede voldoen aan die Wet, Regulasies en Nasionale Instruksies, en om die nodige vaardighede oor te dra om lede in staat te stel om gesinsgeweld met die nodige sensitiwiteit, professionaliteit en doeltreffendheid te hanteer. Sedert 2000 vorm opleiding oor gesinsgeweld deel van die basiese opleidingsprogram vir nuwe lede. 'n Totaal van 3 302 nuwe lede het in die 2009/10 finansiële jaar hierdie basiese opleiding ontvang, en 2 109 in die 2010/11 finansiële jaar. Die relevante indiensopleiding bestaan uit 'n vyf dag gesinsgeweld leerprogram (wat lede sensitiseer tot die sosiale konteks en komplekse natuur van gesinsgeweld, en praktiese vaardighede oordra). In die 2009/10 finansiële jaar het 3 181 lede indiensopleiding oor gesinsgeweld ontvang, en 1 983 in die 2010/11 finansiële jaar.

Die SAPD poog om teen 2014 alle polisiestasies met sogenaamde 'Victim Friendly Rooms' te voorsien. Teen einde Maart 2011 was daar 900 sulke kamers (waarvan die meeste in die Wes-Kaap was). Daar is 176 gesinsgeweld, kinderbeskerming en seksuele misdrywe (FCS) eenhede dwars oor die land. 1 896 lede is aan hierdie eenhede verbonde (waarvan 1 586 opleiding oor die Wet op Gesinsgeweld ontvang het), en 27 van hierdie eenhede bevat slagoffervriendelike kamers. 'n Totaal van 12 048 arrestasies is deur hierdie eenhede tussen 1 Januarie 2011 en 31 Maart 2011 gemaak (daar was 529 skuldigbevindings vir misdade teen kinders, en 595 vir misdade teen volwassenes). As deel van die SAPD se interne monitering en evaluering, word 'n speurder aangewys vir elke gesinsgeweldsaak wat aangemeld word by die SAPD om 'n volledige ondersoek te doen en die dossier aan die Staatsaanklaer voor te lê. Lede wat nie voldoen aan die voorskrifte van die wet nie, maak hulleself skuldig aan wangedrag, en dissiplinêre stappe word geneem tensy die Onafhanklike Klagtedirektoraat anders gelas. Die Sigbare Polisiëringsafdeling besoek polisiestasies, en die implementering van die wet vorm deel van hul assessering. Tekortkominge wat tydens hierdie besoeke geïdentifiseer word, word aangespreek deur indiensopleiding. Die SAPD het dit duidelik gemaak dat geslagsensitiwiteit en opleiding benodig word. Dit word tans aangespreek deur basiese opleiding en indiensopleiding. Daar is egter nie genoegsame hulpbronne vir die onmiddellike voorsiening van slagoffervriendelike fasiliteite nie.

## 6 Terrorisme

Die President het weer eens verskeie gewysigde lyste van identiteite wat deur die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies as terreur of moontlike terreurorganisasies of lede daarvan is, geïdentifiseer is, afgekondig kragtens artikel 25 van die Wet op die Beskerming van Konstitusionele Demokrasie teen Terroriste- en Verwante Aktiwiteite 33 van 2004 (Prokl 64-65 in *SK* 33769 van 2010-11-15; Prokl 1 in *SK* 33931 van 2011-01-13; Prokl 10-16 in *SK* 34081 van 2011-03-09; Prokl 36

in *SK* 34373 of 2011-06-21; Prokl 37 in *SK* 34374 van 2011-06-21; Prokl 38 in *SK* 34375 of 2011-06-21; Prokl 41-43 in *SK* 34469 of 2011-07-20; Prokl 45 in *SK* 34501 van 2011-08-04; Prokl 47 in *SK* 34555 van 2011-08-25; Prokl 48 in *SK* 34608 van 2011-09-19; Prokl 52 in *SK* 34625 van 2011-09-22; Prokl 53 in *SK* 34626 van 2011-09-22; Prokl 57 in *SK* 34660 van 2011-10-06; Prokl 64 in *SK* 34778 van 2011-11-25; Prokl 65 in *SK* 34779 van 2011-11-25; Prokl 60 in *SK* 34733 van 2011-11-08; Prokl 66 in *SK* 34780 van 2011-11-25).

## 7 Wetsontwerp op die Beskerming van Staatsinligting

Die Wetsontwerp op die Beskerming van Staatsinligting ([B6B-2010]) is deur die parlement goedgekeur maar is na die Raad van Provinsies vir goedkeuring verwys. Die Raad van Provinsies gaan 'n openbare deelnameproses voor goedkeuring volg.

*Willemien du Plessis (NWU Potchefstroom)*
*Juanita Pienaar (US)*
*Nic Olivier (UP)*